Jou tuiste in die natuur

Knipoog

Voorsitter se brief

Wie gaan my eendag onthou en wat gaan hulle van my onthou?

Ons as ouer persone is besig om ons laaste bedryf op aarde uit te speel. Vir baie is hierdie laaste bedryf 'n wonderlike tyd van oes en teruggee. Hierdie mense word erken aan 'n paar eienskappe. Die Harvard Mediese Skool het in 'n studie afgetredenes wat "goedklaarmaak" soos volg beskryf:

"Hulle is mense wat aanhou werk (sluit vrywillige werk in, maar veral ook 'n werk waar jy nog verdien), aanhou om verantwoordelikhede dra, versigtig leef (eet, drink, gereeld oefen, aanhou om kennis te werf, nuwe vaardighede aan te leer en mense wat 'n denkskuif gemaak het weg van selfgesentreerdheid na andergesentreerdheid"; Voeg by hierdie lysie absolute sekerheid oor jou eindbestemming en sien daar iemand wat onthou sal word dat hy/sy goed klaargemaak het; 'n Verhouding met so 'n persoon sterf nooit nie.

'n Baie belangrike invloed om jou te help om goed klaar te maak is die omgewing waarin jy woon. Die Oog Aftree-landgoed bied aan jou 'n wonderlike geleentheid om konstruktief besig en betrokke te wees; Dit is nie 'n aftree-oord vir leeglêers en "suur"mense nie. Die sulkes hoort eerder in aftree blyplekke waar titels en prestasies belangriker is as 'n lewe van betekenis;

Kom sluit aan by die talle positiewe Oogburgers!

Syd Eckley

Syd Eckley by die Algemene Jaarvergadering, wat plaasgevind het op sy verjaarsdag.

Ontwikkelaarsnuus

200 eenhede is reeds verkoop.

Fase 2B (die ontwikkeling in die Bosveld-karavaanpark) word op 23 Oktober 2010 geloods.

Beukes Goosen, die landskapsargitek, is reeds 'n baie bekende gesig op die oord en verrig wondere op die terrein.

Kommunikasiestelsels in elke eenheid word beplan vir September/ Oktober.

Die tweede fase van die sekuriteitsbeheer ,wat gedurende September/Oktober 'n aanvang neem, behels die verdeling van die elektriese heining in sones, die oprig van aparte toegangshekke vir die kontrakteurs, asook kamera's en sonaangedrewe spreiligte by die kontrolehek.

Die nuwe motorwas-area is reeds in aanbou.

Die Dalia karavaanpark word tans opgradeer.

Tydelike karavaanafdakke word ook nou opgerig.

Die grondwerke vir Fase 2A (langs die borrelbad-kompleks) neem aan die begin van September 2010 'n aanvang, terwyl bouwerk aan dié fase op 27 September sal begin.

Niël, Dries en Herman

Die Oog
RETIREMENT ESTATE • AFTREE LANDGOED

REDAKSIE

Leonie Gerber, Ansie Morkel & Syd Eckey

Euphoria, hier kom ons!

Waagmoed! Daaraan ontbreek dit vele van ons inwoners geensins. Hoewel sekere mense veilig voel met voete stewig op moederaarde geplant, is daar van ons inwoners wat met graagte en entoesiasme uitdagings aandurf.

'n Groep van ons is een middag op met die kabelkar by Euphoria, 'n bekende gholflandgoed 'n paar kilometer buite Naboomspruit.

Van die uitkyk bo-op die berg af het mens 'n panoramiese uitsig op die vlaktes. Onwillekeurig wonder 'n mens hoe ver jy werklik daarvandaan kan sien?

By die pragtige eetplekkie het ons die "sundowners", kaaskoek en uitsig ewe veel geniet. Die geselskap was spontaan en vrolik.

Vir diegene wat nie kon saamgaan nie, wil ons net graag sê: Julle MAG dit nie volgende keer misloop nie!



Naboomspruit is 100 jaar oud!

Ter viering van Naboomspruit se honderdste verjaarsdag het Mauritz Hansen en Herman van Niekerk, bekende inwoners van die dorp, 'n geskiedkundige staproete deur die dorp saamgestel. Die roete begin en eindig by die lapa van Hoërskool Hans Strijdom en strek oor 'n afstand van sowat 8 Km.

'n Handjievol inwoners het hulle op Saterdag 22 Mei die eerste van hierdie staptogte meegemaak. Veertig plekke van historiese belang , wat op die kaart aangedui is, is besoek.

Eers met Mauritz se onderhoudende vertellings, besef 'n mens hoe interessant, ryk en kleurvol hierdie dorpie van ons se geskiedenis is. Ons bedank graag hierdie manne dat hulle hul kennis met ons gedeel het.

Boeretroos en pannekoek

Wie was die eerste mens wat die oorspronklikheid aan die dag gelê het om 'n lekker koppie koffie boeretroos te noem?

Dit is te betwyfel of ons ooit die antwoord daarop sal kry, maar een ding is seker: Woensdag, 14 Julie was 'n gesellige middag vir inwoners wat in die eetsaal vergader het om 'n koppie koffie en pannekoek; Van ons flukse inwoners het die pannekoek gebak en Nina het koffie en tee verskaf. Ons kan gerus weer so maak!

Nuwe webwerwe vir Die Oog

Dikwels wil ‘n mens vir ander vertel van Die Oog en die leefwyse hier, maar hulle kan eintlik net verstaan hoe dit is as hulle self by Die Oog uitkom om dit eerstehands te ervaar. Nou is daar gelukkig ‘n goeie alternatief vir diegene wat nie gou hier kan besoek aflê nie. Die eerste twee nuwe webwerwe van Die Oog is onlangs in gebruik geneem. Dit is die Afrikaanse webwerf oor die aftree-landgoed en die Engelse webwerf oor die vakansie-akkommodasie. Nog twee sal later volg om ‘n volledige !frikaanse en Engelse webteenwoordigheid te hê.

www.dieoogaftree.co.za is propvol inligting oor Die Oog aftree-landgoed. Dit bevat inligting oor die vakansie-oord leefstyl, gesondheidsorgdienste, planne van huise, pryse en beskikbaarheid en al die verkoopsdokumente. Daar is foto’s van voltooide huise en ander fasiliteite en inligting oor heffings en dienste.

‘n !fdeling oor die gemeenskap van inwoners van Die Oog is besig om gestalte te kry op die webwerf. Daarin word nuus geplaas oor gebeure op die landgoed en aktiwiteite van die inwoners, terugvoer oor hulle ervaring op Die Oog en interessanthede soos die voëls wat al hier gesien is en die tipe bome wat hier voorkom. Inwoners word uitgenooi om voorstelle te maak om hierdie afdeling uit te brei.

www.dieoog.co.za is pas heeltemal nuut oorgedoen. Dit fokus op die vakansie-oord fasiliteite en akkommodasie by Die Oog en is gemik daarop om die tentkamp akkommodasie te bemark aan die regte teikengroepe. Hoe meer inkomste daar geskep kan word, hoe meer is dit tot die voordeel van die inwoners. Kerkkampe, skoolgroepe, eko-opleidingsgroepe, reünies en sportgroepe, is die tipe mark waarop Die Oog mik. Die doel is om meesal mense te trek wat besig is met ‘n program van aktiwiteite en derhalwe min inbreek sal maak op die permanente inwoners se privaatheid.

Inwoners en huiseienaars word gevra om hierdie webwerwe aan hulle vriende, familie, kennisse en databasisse te versprei sodat dit kan help met die bemarking van Die Oog as ‘n geheel en sodoende die landgoed nog meer suksesvol te maak.

Blaar Coetzee

Huldeblyk:

Alex Barnard



Vroeg een oggend gedurende verlede jaar wou 'n voornemende koper my sien. 'n Groot man het homself bulderend voorgestel : “Middag; Ek is !lex Barnard! Is jy die man wat na my belange gaan omsien?”

Ek en Oom Alex was dadelik op presies dieselfde bladsy. Ek het presies geweet wat Oom Alex wou gehad het – daar was geen grys areas nie!

“Ooo;;;! Jy was op Stellenbosch;;;!(Ons raakpunt. Hierna het ons gelag en gesels oor plekke soos Struisbaai, Gordonsbaai en sommer net die lekker Kaap en sy mense.

Dit was ook nie lank daarna nie, dat ek een oggend in my kantoor instap en 'n gerookte Weskus snoek en ‘n paar bottels wyn op my tafel vind. Ek het nie eens getwyfel nie – “dit was Oom !lex nf!”

Na slegs 2 jaar hier was daar reeds ‘n klomp eerstes op die Oog – die eerste huis is betrek, die eerste etes is geëet, ensovoorts.

Nou het dit gebeur - die onvermydelike! Die eerste inwoner is oorlede; “Oom !lex? !g nee! Dit kan mos nie wees nie!” Jy moes nog die kruietuin begin, en ons wou nog die boiler hersien, en ons wou nog, ons wou nog...!!!

Ai Oom Alex, ons is hartseer oor jou heengaan en ons gaan jou mis. Maar dalk nou is dit gepas dat juis jy altyd onthou sal word vir jou eerste...!

Dit sal altyd so wees dat as ek by nommer 89 verby beweeg ek sal dink : **STIL !LM!L, HIER HET ‘N BESONDERSE MAN GEBLY!!!**

Dries du Preez

Rudi se raad:

Die uitlê en versorging van huiseienaars se privaat tuine

Huiseienaars is self verantwoordelik vir uitlê en versorging van die tuine in die toegekende areas rondom hul wonings (die leefarea binne die tuinmuur). Hulle is ook welkom om die sypaadjie en die strook direk aangrensend tot hul tuinmuur te versier en versorg.

Die beleid is om slegs van inheemse plante, struike en bome gebruik te maak in ons "tuiste in die natuur"; Huiseienaars is egter welkom om binne hulle toegekende leefarea enige plantmateriaal van hul keuse te gebruik, uitgesonderd plante wat `n neiging het om te vervuil of versprei, bv. lantana en australiese akasias. Buite die grensmuur en op die sypaadjies (gemeenskaplike area) moet egter slegs inheemse plantmateriaal gebruik word.

Dit word aanbeveel dat sulke ontwikkelings en aanplantings (buite toegekende areas) in samewerking en met advies van die Terreinkomitee sal geskied. Dit is belangrik om te weet dat die instandhouding en versorging hiervan dan ook die verantwoordelikheid van die betrokke inwoner word.

Huiseienaars wat reeds gevestig is en wat reeds tuingemaak het, sal nie verplig word om uitheemse plante direk aangrensend tot hul eiendom te verwyder nie, behalwe waar sulke plante `n steuring veroorsaak soos die beperking van verkeersvloei. Hulle word egter versoek om sulke plante mettertyd met geskikte inheemse plante te vervang. Nuwe aanplantings moet inheems wees.

Die plaas van plante in potte en ander versierings buite toegekende gebruiksareas en op tuinmure moet smaakvol wees en by die karakter van Die Oog inpas. Goedkeuring hiervoor moet vooraf van Bestuur verkry word.

Eienaars/inwoners met eenhede in of aangrensend tot die natuurlike bos of veld moet insgelyks hulle tuinontwikkelings beperk tot toegekende leefareas. Plante, veral uitheemse plante, en allerlei ontwikkelings mag nie in die natuur en leefarea van voëls, diertjies en wildsbokke indring nie.

Die Terreinkomitee sal sover moontlik behulpsaam wees met die keuse en uitleg wanneer inheemse plante gevestig word. `n Lys van geskikte bome en struike is beskikbaar by die administatiewe kantoor. Hierdie lys is nie noodwendig volledig nie en kan aangevul word – inwoners se voorstelle is welkom. Betroubare kwekerye behoort ook die nodige diens en inligting te kan verskaf.

Grootwordjare— 'n staaltjie

Sit ek hier in die wintersonnetjie en droom. Word ek vies vir myself, want ek droom nie vorentoe nie, nee my brein neuk agtertoe: soos my pa sou gesê het—die ding is in "reverse";

Ek dwaal in my grootwordjare rond en wonder soms of ek dit anders sou wou gehad het.

Dit was net na die tweede wêreldoorlog. Ons was arm, almal wie Afrikaners is, was arm en pa het gesê net die "Jingo's" was ryk, want die Engelse het nie hulle plase afgebrand nie.

Dit was in die tyd van die Sappe en Natte. Pa het nie een van die twee ondersteun nie. Hy het aan die ossewabrandwag behoort. Hulle was Robbie Leibrandt manne gewees.

Ons het langs die Umzimkulurivier gewoon naby die dorpie Umzimkulu in die ou Transkei.

Pa het met mielies en beeste geboer. My maats was die Xhosa umfaans gewees en ek het gou die taal geleer. Ons het elke dag gaan visvang en rietrotte jag. Rietrotte word so groot soos dassies en is lekker vet. Rietrotte word"amavondwe" genoem, en oor die kole gebraai en saam met "nqushe" geeët; Die Xhosas eet nie pap nie, hulle het net "nqushe" geeët, wat stampmielies en suikerbone is. Al pap wat hulle geeët het was suurpap, "Maghew", wat gedrink word.

Ons het ook baie in die rivier geswem en mekaar met modder gegooi en as ons moeg geword het, het ons op die klippe gelê en bak. Daar was nie krokodille in die Umzimkulurivier nie, maar die "Utokoloshe" het in die diep kuile gewoon, en was ons baie versigtig vir hom en het ons van die kuile af weggebly.

So het ek my kleintyd omgekry met net die umfaans as maats, want ek het nie broers gehad nie; Tot op 'n dag wat ek aangesê is om my reg te maak vir skool.

Wat 'n ontnugtering was dit nie! Hoe kon grootmense, wie sê hulle is lief vir jou, jou so laat inhok terwyl jou maats beeste oppas, visvang en jag?

Ek hoop nie ek verveel julle nie, maar hoop om julle verder in te lig oor my grootwordjare; Tot 'n volgende keer;

Mooi loop.

"!bangane"

Knipogies

Aftrede is nie vir sissies nie, maar gelukkig is die volgende ook waar:

Niemand verwag van jou om in ‘n brandende gebou in te hardloop nie;

In ‘n kapingsituasie sal jy waarskynlik eerste vrygelaat word;

Mense skakel jou nege-uur die oggend en maak verskoning vir ingeval hulle jou wakker gemaak het.

Daar is niks meer oor om op die harde manier te leer nie.

Goed wat jy nou koop gaan jy nie opdra of opgebruik nie.

Jy geniet dit om te hoor van ander se operasies.

Jy verval in hewige argumente oor pensioen en hospitaalplanne.

Jy hou partytjie en die bure kom dit nie eers agter nie.

Jy probeer nie meer jou maag inhou nie, maak nie saak wie loop in die vertrek in nie.

Jou oë kan nie veel slegter word nie en buitendien is dit goed dat ‘n huwelikspaartjie se oë slegter word as hulle ouer word.

Jou lewenslange belegging in ‘n mediese skema begin uiteindelik uitbetaal.

Jou knieë en elmboë voorspel die weer beter as die Weerburo.

Jou geheime is veilig by jou vriende, want hulle kan dit nie onthou nie.

As een of meer van bogenoemde jou pas, Welkom by Die Oog Aftreelandgoed – jy is op die regte plek!

As jy Knipogies het wat jy met ons wil deel, kom plaas dit in die bydraebussie.

Pieter Meyer

Verjaarsdae

September

4 September:
Geoffrey Coetzee (168)
Lana Meyer (156)
5 September:
Casper Steenkamp (110)
Philip Fourie (98)
9 September:
Ria Swanepoel (100)
16 September:
Wilma van Heerden (162)
Miranda van der Walt (183)
23 September:
Loma Lessing (94)
24 September:
Elsie Mare (186)
26 September:
Ronel Harris (155)
27 September:
Neels van Rensburg (209)
Dirk Lourens (3)

Kenmekaar-aand

Op Dinsdag, 24 Augustus by die Tentkamp-lapa gehou.

Van ons inwoners verkeer saam in gesellige luim tydens die kenmekaar.

Die geselligheid het ook die geleentheid gebied aan die nuwe intrekkers om ‘n paar gesigte te leer ken.

Suster Bertha gee raad:

Voetprobleme

1. Hou diabetes en hoë bloeddruk onder kontrole.
2. Was voete daagliks met lou warm water en sagte seep.
3. Droog voete saggies en veral tussen die tone.
4. Dra skoon wol/katoen kouse elke dag.
5. Ondersoek self of vra iemand om 1 keer per week voete te ondersoek vir:

Rooi areas
Blase
Krake tussen tone
Krapmerke
Beskadigde naels

6. Sny toonnaels reguit en nie te kort nie. Moet nooit die hoeke van toon-naels sny nie, dit kan ingroei-toonnaels veroorsaak. Indien naels nie gesny kan word nie, vyl dit afwaarts.
7. Skerp voorwerpe mag nooit gebruik word naby tone nie.
8. Moet nooit liddorings of eelte self verwyder nie. Moenie gebruik maak van liddoringpleisters nie; Maak gebruik van 'n professionele persoon;
9. Vermy afsluiting van bloedtoevoer na voete. Moet nooit rekbande of sok-kies dra met stywe rek bo nie.
10. Hou op met rook, want dit verswak sirkulasie.
11. Gedurende die winter moet onthou word om enige verhittingsmetode te verwyder voor in die bed geklim word.
12; 'n Persoon met diabetes moet nooit kaalvoet loop nie;
13. Goeie en gemaklike skoene moet gedra word. Dit is sleg vir voete en houding om heeldag pantoffels te dra.
14. Moet nooit te nou en slegpassende skoene dra nie.
15. Kyk of voel altyd binne skoene voordat dit aangetrek word.
16. Rapporteer enige besering wat nie op tuisversorging reageer nie.
17. Moet nooit ou skoene of sokkies wat gedaan is dra nie, want dit veroor-saak vel-irritasie.

18. Goeie skoene wat goed pas:
    - Moet regte lengte en wydte wees
    - Laat genoeg spasie vir tone
    - Goeie voering sonder some
    - Moet sagte materiaal wees sodat dit kan buig.
    - Hak moet nie hoër as 4cm wees nie.
    - "Slip-ons" word nie aanbeveel nie;
    - Goeie skoene moet dadelik gemaklik wees. Daar moet geen rede wees om dit in te loop nie.
    - As spesialis binnesole benodig word, neem dit saam met die koop van skoene.
    - Hoe meer 'n persoon loop, hoe meer swel jou voete; Neem dit in gedagte met die koop van skoene.
    - Moet nooit nat skoene dra nie.
    - Skoene moet elke dag vars lug kry.

Doen voetoefeninge minstens 2 keer per week
(Oefeninge beskikbaar by die Dienssentrum.)

Leigh Grundlingh

Ons oord kan roem op die dienste van 'n fisioterapeut; Welkom, Leigh, ons hoop jy gaan lekker werk hier!

Kallie soek 'n maat

Onderhandelinge is aan die gang om 'n maatjie vir ons kameelperd te bekom.

Ons hoop sy is binnekort hier!

Toe ek uiteindelik my kop agtermekaar gekry het - toe gee my lyf in.

Cecily Steenkamp (Uit: Lag oor die lewe— Barbara Johnson)

Die Oog
RETIREMENT ESTATE • AFTREE LANDGOED

Privaatsak X 2225, Naboomspruit, 0560

Tel: (014) 743 4601
Faks: (014) 743 4627
E-pos: admin@dieoog.co.za

Stuur bydraes aan:

leonie.gerber@dieoog.co.za